

**Donderdag 30 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 15:11-20**

**Fokusgedeelte: Matteus 15:18**

### **Ware diens aan God ... dankbare gehoorsaamheid**

**G**ister het ons stilgestaan by die Fariseërs en skrifgeleerdes se kritiek op Jesus se volgeling se verontagsaming van oorgelewerde gebruike deur nie hulle hande te was voordat hulle eet nie. Jesus se teregwysing aan hulle was dat God nie gedien kan word deur die nakoming van menslike leerstellings nie.

Nadat Hy die Fariseërs en skrifgeleerdes tereggewys het, het Hy die menigte, wat Hom gevolg het, nadergeroep en aan hulle verduidelik dat die hemelse Koninkryk nie gebou is op menslike reëls, voorskrifte en wette nie. Jesus sê egter nie net wat die verkeerde vorm van godsdiens is nie, Hy sê ook baie duidelik wat die regte godsdiens is. Diens aan God word nie bewys deur uiterlike handeling te verrig, reëls na te kom en voorskrifte te gehoorsaam nie. Die ware godsdiens is nie God plus mense se voorskrifte nie.

Na aanleiding van die Fariseërs en skrifgeleerdes se vrae oor die was van hande (vs 2), gebruik Jesus die omstandighede, waarna die vraag wil wys, om die Koninkryk van die hemel te verkondig. Só duidelik stel Hy dit wat wetsonderhouding (hande was in dié geval) nie reinheid kan waarborg nie. Onreinheid is nie iets wat van buite kom, gekou en ingesluk word nie. Dit kan nie jou verhouding met die Here (dankbare gehoorsaamheid) direk benadeel nie en kan nie jou reinheid beïnvloed nie. Iets van buite maak jou nie onrein nie.

Dit roep die saligspreking van Matteus 5:8 in gedagte – “Geseënd is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.” Om God te sien, moet ons rein van hart wees, en dit is alleen ons deel in Christus wie se geregtigheid aan ons geskenk is in sy gehoorsame versoeningswerk aan die kruis. Die nagmaalsformulier verwys na die ware selfondersoek: ken jou ellende, glo dat Christus se geregtigheid aan jou geskenk is, en bewys met jou hele lewe dank aan God. Dra só die boodskap van die hemelse Koninkryk uit.

*Sing: Psalm 25-1:6*

*Ds. MP Fourie (MP) (Emeritus)*